

Navorsingsrede — No. 2

1984

Streekhistoriese navorsing en die SAPGN

C.C. Elof



001.3072068 HSRC
NR 2



BIBLIOTEEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



**Streekhistoriese navorsing
en die SAPGN**



**SENTRUM VIR BIBLIOTEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE**
**CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES**

VERVALDATUM/DATE DUE

19 APR 1990

* 0 7 1 0 7 2 *

Navorsingsrede — No. 2

Streekhistoriese navorsing en die SAPGN


Navorsingsrede gelewer in die
RGN-raadsaal, Pretoria
op 27 Julie 1984

C.C. Eloff

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1984

Navorsingsredes word gelewer deur alle beampies van die RGN wat in die rang van navorsingspesialis en hoër aangestel of bevorder word. Die inhoud van sodanige redes hou hoofsaaklik verband met die persoon se vakgebied of navorsingsterrein

Menings uitgespreek in hierdie publikasie is dié van die skrywer en nie noodwendig die van die RGN nie



C.C. Eloff, D. Phil.
Navorsingspesialis
Afdeling vir Navorsing oor
Streek- en Sosio-ekonomiese
Geskiedenis

Instituut vir Geskiedenisnavorsing
Direkteur: Dr. C.M. Bakkes

ISBN 0 7969 0160 0

© 1984 Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Gedruk deur die RGN

STREEKHISTORIESE NAVORSING EN DIE SUID-AFRIKAANSE PLAN VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Ons leef in 'n tyd waar gebrek aan **kennis** feitlik ondenkbaar en selfs onverskoonbaar is; so iets behoort inderdaad die gevaaaligte vir elke enkeling of gemeenskap te laat flikker. In die Bybelwoord word huis gewaarsku dat die volk weens gebrek aan kennis te gronde gaan (Hosea 4:6 — ou vertaling).

Daarenteen prys die wyse Salomo kennis aan as van veel hoër waarde as die fynste goud (Spreeuk 8:10 — nuwe vertaling). Francis Bacon se slagspreuk “kennis is mag” is seker ook alom bekend. 'n Moderne weergawe hiervan kon net sowel lui: “Gespesialiseerde, wetenskaplike kennis is onontbeerlik.” Want kennis is 'n onbetwistbare wapen teen onkunde, feiteverdraaiings en propaganda.

Ten einde bestaande kennis te verbreed of nuwe kennis te verwerv, is doelgerigte **navorsing** noodsaaklik.. In die geesteswetenskappe is navorsing byvoorbeeld voortdurend gerig op die “ontdekking van die dieperliggende geheimenis van menslike handelinge, die blootlegging en interpretasie van die betekenis en simboliek van menslike skeppinge en diepte-naspeuring van die oorsake wat ten grondslag van gedragspatrone lê.” Die doel hiermee is “om objektiewe, betroubare en geldige kennis oor alle fasette van die menslike bestaan in te win.”¹

Die reusestappe waarmee die kennisontwikkeling sedert die 16de eeu gevorder het en wat deur die uitvinding van die boekdrukkuns moontlik gemaak is, bring die mens van die 20ste eeu voor geweldige aanpassings én uitdagings te staan. Veral die geesteswetenskaplike navorsing moet byvoorbeeld leer om die massa gegewens van hierdie “kennis-” of “informasie-ontploffing” te orden en te ontleed. Sy navorsing moet voorts so beplan en gekoördineer word dat dit 'n sinvolle bydrae tot probleemoplossing kan lewer. Dit is hier waar die Suid-Afrikaanse Plan vir Geesteswetenskaplike Navorsing (SAPGN) 'n sleutelrol te speel en 'n belangrike funksie te vervul het.

Dit bring my by die onderwerp ten opsigte waarvan ek graag vanmiddag enkele weë wil verken, naamlik “Streekhistoriese navorsing en die

1. *RGN-ondersoek na Navorsingsmetodologie* (Pretoria, s.j.): Voorwoord deur dr. J.G. Garbers.

SAPGN.'' My keuse van hierdie tema spruit hoofsaaklik uit die feit dat ek myself as streekhistorikus al dikwels die vraag afgevra het: "Waar en hoe pas my navorsing in by die SAPGN?" Hopelik sal in hierdie aanbieding meer lig op die saak gewerpt word.

By wyse van agtergrond wil ek eerstens die ontstaan en doelstellings van die SAPGN asook die aard en terrein van streekgeskiedenis sketsmatig toelig. Daarna sal ek aandag gee aan die praktiese toepassing van sowel die SAPGN as van streekhistoriese navorsing met besondere klem op moontlike verbande en raakpunte. Ten slotte volg dan 'n paar algemene opmerkings.

Die SAPGN: agtergrond en doelstellings

In September 1968, nagenoeg ses maande nadat wetgewing aanvaar is om vir die totstandkoming van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing voorsiening te maak, het die regering hierdie liggaaam versoek om 'n Nasionale Plan vir Geesteswetenskaplike Navorsing in die RSA op te stel. Daarin moes onder andere 'n ontleding gegee word van die navorsing wat oor die breë front van die geesteswetenskappe aan die gang is, wie dit onderneem, watter oorvleueling plaasvind en dringende navorsing wat onderneem moet word.²

'n Ondersoek in dié verband deur RGN-personeel het aan die lig gebring dat die groot probleem van geesteswetenskaplike navorsing in Suid-Afrika daarin geleë is dat dit nie op 'n sinvolle, doelgerigte en geïntegreerde wyse as nasionale poging aangepak en uitgevoer word nie.³

Die hoofdoelwit wat toe vir die aksieplan gestel is, was om 'n stelsel te skep wat alle geesteswetenskaplike navorsingspotensiaal in een kragtige, nasionale poging sou saamsnoer. Die voorgestelde Plan sou dus onder meer gerig wees op die behoeftes van die beleidmaker en die implementeerder van navorsingsbevindinge. Uit die aard van die saak sou 'n hoë premie geplaas word op aktualiteitsnavorsing of navorsing ten opsigte van nasionale probleemgebiede waarin daar binne die breë staatsbestel 'n werklike behoefte bevredig moet word.⁴

In wese was dit die doel van die Suid-Afrikaanse Plan om dit aan die RGN op te dra om:-

2. RGN, *Suid-Afrikaanse Plan vir Geesteswetenskaplike Navorsing (SAPGN)* (Pretoria, 1980), p. 33.

3. *Ibid.*, p. 34.

4. *Ibid.*, pp. 7 en 34.

- (a) probleemgebiede te identifiseer en prioriteite vir navorsingsprogramme te bepaal;
- (b) leiding te neem by en beheer uit te oefen oor nasionale navorsingsprogramme;
- (c) navorsingsprogramme positief te koördineer en die finansiering daarvan te behartig, en
- (d) verantwoordelikheid te aanvaar vir die integrering, aanbieding, publikasie en benutting van die navorsingsresultate.⁵

Op 17 April 1979 is die SAPGN deur die Kabinet goedgekeur. Dit sou onder meer behels dat owerheidsfondse vir geesteswetenskaplike navorsing wat deur die RGN gehanteer word, voortaan veral op nasionale probleemareas toegespits moet wees. In die toepassing van die SAPGN sal egter voldoende vryheid en beweegruimte geskep en gelaat word vir navorsing om te gedy, terwyl die skeppende inisiatief en akademiese vryheid van die individuele navorsers ten alle koste beskerm sal word. Navorsing op gebiede van die geesteswetenskappe (humaniora) wat van algemene kulturele belang is, sal in die SAPGN dus nie uitgesluit wees nie. Inteendeel, selfgeïnisieerde dissiplinegerigte navorsing deur individuele navorsers of groepe geesteswetenskaplikes sal aangemoedig en bevorder word.⁶

Die SAPGN is al beskryf as 'n mylpaal in die ontwikkeling van geesteswetenskaplike navorsing in die RSA,⁷ en by geleentheid is dit soos volg toegelig: "In die SAPGN word wetenskaplikheid as enigste kriterium vooropgestel; word geesteswetenskappe ten behoeve van die RSA se mense diensbaar gemaak. . . , (en) wetenskapsontwikkeling gestimuleer; is 'n meganisme ontwikkel om die prioriteit van nasionale probleemareas vas te stel; word positiewe koördinering van navorsing nagestreef; (en) word skakeling tussen navorsingsinstansies bewerkstellig."⁸

Dit was dan in 'n neutredop enkele besonderhede in verband met die ontstaan en oogmerke van die SAPGN.

5. *Ibid.*, pp. 7, 10-11 en 34.

6. *Ibid.*, pp. 4-5, 7 en 35; kyk ook RGN, *Elfde jaarverslag* (1980), p.4.

7. RGN, *SAPGN*: Voorwoord deur dr. J.G. Garbers.

8. RGN, *Elfde jaarverslag* (1980), p. 6.

Aard en terrein van streekgeskiedenis

Hoewel die mens hom van bepaalde standpunte of gebeure kan distansieer, vind hy dit moeilik om hom van die verlede los te maak: as sosiale wese en lid van 'n gemeenskap is hy op haas elke terrein 'n produk van die verlede. En vir sy toekomsbeplanning kan hy nie die een of ander vorm van kennis van die verlede ontbeer nie.

Natuurlik beteken dit nie dat die soeke na vastigheid en sekerheid in die verlede moet ontaard in wat al genoem is 'n "ontvlugting na die begraafplaas van verworwe kennis" waar die mens hom "veilig geborge kan voel tussen die grafstene van antwoorde op gister se vrae nie".⁹ Sy kennis van en vrae aan die verlede moet hom huis in staat stel om die eietydse vraagstukke waarmee hy te doen kry, te begryp en op te los.¹⁰ In hierdie verband is pres. Paul Kruger se gevleuelde woorde van 80 jaar gelede vandag nog net so toepaslik: "Wie vir hom 'n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor nie."

Omdat die hede waarin ons verkeer feitlik in elke opsig 'n uitvloeisel van die verlede is, rus daar 'n moeilike taak op die historikus om verlede aan hede te verbind. So 'n verbinding is stellig nodig omdat elke volk daagliks te staan kom voor allerlei vraagstukke waarmee slegs gehandel kan word indien daar grondige kennis van die verlede is.¹¹ Die geskiedskrywer sien die verlede as't ware deur die spieël van die hede. In sy studie van die verlede ontleed hy in der waarheid die kragte wat in die huidige wêreld werk en neem sodoende aktief aan die vorming van die toekoms deel.¹²

Een van die verskynsels wat hom telkens aan die historikus van ons tyd opdring, is die ontvolking van die landelike gebiede en die daarvan gepaardgaande proses van verstedeliking.¹³ Dit raak egter die mens wat slagoffer daarvan geword het nog meer want hy word daardeur nie net van die grond(aarde) vervreem nie; die wortels van sy agtergrond

9. *Fokus op die RGN* 2(11), November 1982, p. 4: Redaksioneel (dr. M.J. Bekker).

10. G.D. SCHOLTZ, *Die taak van die historikus* (Publikasiereeks van die RAU, A27) (Johannesburg, 1970), pp. 6 en 10; A.G. OBERHOLSTER, Sinvolle geskiedenisnavorsing, *Kronos* 8, 1984, p. 19.

11. SCHOLTZ, *Die taak van die historikus*, p. 18.

12. F.A. VAN JAARSVELD, *Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis* (Durban, 1982), p. 15; kyk ook OBERHOLSTER, Sinvolle geskiedenisnavorsing, pp. 14-15, en "Why history?", *International background* 12(1), 1984, pp. 4 en 8.

13. F.A. VAN JAARSVELD, *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus* (Publikasiereeks van die RAU, B3) (Johannesburg, 1973), pp. 12 en 76.

en herkoms word ook ernstig aangetas. In hierdie rusteloze, snel-veranderende wêreld gryp veral die stadsmens gevvolglik met heimwee terug na die landelike kontrei of die “plaaslewe” — miskien omdat so baie in die hart tog maar dorpenaar, plattelaander of boer is wat verjonging en vernuwing van die gees nabij die bekende, die “erwe van die vadere,” soek.¹⁴ Daarom dan ook dat studies en navorsing dikwels oor plaaslike en streekgeskiedenis onderneem word.¹⁵

’n Literatuurstudie in verband met hierdie navorsingsveld skep die indruk dat daar onder streekhistorici nie altyd eenstemmigheid oor hul doel, metode en denkwyse bestaan nie. Om die waarheid te sê: oor die aard en terrein van plaaslike en streekgeskiedenis word ’n verskeidenheid — en soms uiteenlopende — opvattinge gehuldig. Hierop wil ek slegs in breë trekke ingaan.

Uit die staanspoor moet dit beklemtoon word dat streekgeskiedenis¹⁶ as takdissipline van die geskiedwetenskap ’n onafhanklike en volwaardige studieveld is en beslis nie ’n hulpdissipline of brokstuk van die nasionale of algemene geskiedenis nie.¹⁷ Daar kan dus nie twyfel bestaan nie dat streekgeskiedenis ’n geldige navorsingsterrein het, ’n doel op sigself is en ’n besondere plek in die wetenskaplike geskiedskrywing inneem.¹⁸

Die belangrikheid van hierdie studierrein word ondersteep deur die feit dat handleidings en riglyne vir die beoefening van streekgeskiedenis al in lande soos Engeland en Nederland gepubliseer is.¹⁹ Daarby geniet dié vertakkking van die geskiedenis wye aandag en steun in Europa, Brittanje en die VSA. Instansies soos die American Association for State and Local History en die Britse Standing Conference for Local History beywer hulle trouens reeds ’n geruime tyd vir die beoefening en

14. P.L. SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis — ’n fassinerende mikrokosmos* (Publikasiereeks van die Universiteit van Wes-Kaapland, A26) (Bellville, 1978), pp. 18 (voetnoot) en 29-30; A. ROGERS (red.), *Group projects in local history* (Folkestone, Kent, 1977), pp. 10 en 19; STANDING CONFERENCE FOR LOCAL HISTORY, *Report of the Committee to review Local History* (Blake Report) (Londen, 1979), pp. 6 en 8.
15. A. ROGERS, *Approaches to local history* (Londen/New York, 1977), p. 7.
16. Die begrip “streekgeskiedenis” soos dit hier gebruik word, sluit ook plaaslike en stedelike geskiedenis in.
17. H.P.R. FINBERG en V.H.T. SKIPP, *Local history: objective and pursuit* (Newton Abbot, 1973), pp. 31-32; SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis*. . ., pp. 13-14.
18. A.G. OBERHOLSTER, Streekgeskiedenis en die historikus, *Contree* 6, Julie 1979, p. 30; SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis*. . ., pp. 13 en 15; ROGERS, *Approaches to local history*, p. 2.
19. Voorbeelde hiervan verskyn in die bronneverwysings van hierdie lesing.

bevordering daarvan.²⁰ Hier te lande het die eerste — en tot dusver die enigste — navorsingseenheid in hierdie rigting sy beslag sowat tien jaar gelede gekry met die stigting van die Afdeling Streekgeskiedenis van die RGN (later meer hieroor).

Om 'n klinkklare definisie van die begrip "streekgeskiedenis" te gee, is geen maklike taak nie.²¹ 'n Omskrywing deur 'n klompie gesaghebbendes van die aard en omvang daarvan bring tog enigsins helderheid. Streekgeskiedenis word beskryf as die rekonstruksie van die ontstaan, ontwikkeling, agteruitgang en verval van 'n plaaslike gemeenskap of 'n streek.²² Dit word ook bestempel as die studie van die geskiedenis van 'n "local unit, developing as a community, in its context and compared with other such units."²³ Andere sien dit weer as "the study of man's past, in relation to his locality, locality being determined by an individual's interests and experience."²⁴

By streekgeskiedenis gaan dit dus oor vlakbyopnames (in filmtaal "close-ups")²⁵ van die mens en die gemeenskap in sy ryke verskeidenheid werksaamhede. Die enkeling, groep of gemeenskap in die kleiner wêrfeld of mikrokosmos word histories in sy totaliteit in breedte en diepte bestudeer; kortom, ons het hier te doen met die verhaal van mense se prestasies en mislukkings in gemeenskapsverband.²⁶ Tereg word streekgeskiedenis soms ook "microhistory" genoem;²⁷ want deur die individu, groep en mikrogebied of streek onder die loep te neem en te fynkam, word 'n veel groter kennisskat blootgelê as wat die geval met die nasionale geskiedenis is.²⁸ Plaaslike en streekgeskiedenis bring ons inderdaad intiemer in aanraking met die gewone mens as wat enige ander vertakking van geskiedenisnavorsing kan. Ons ontmoet hom as't ware by sy adres, op sy voorstoep, en leer hom ken

20. A.G. OBERHOLSTER, *Verslag in verband met die oprigting van 'n Afdeling Streekgeskiedenis in die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN* (Pretoria, 1975), pp. 19-23; SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis* . . ., p. 7.
21. "We don't know what we mean by local history, and we don't care; but we mean to go on with it." FINBERG en SKIPP, *op. cit.*, p. vii.
22. *Ibid.*, pp. 10, 38 en 130; D. IREDALE, *Local history research and writing* (Leeds, 1974), p. 3; SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis* . . ., p. 10.
23. ROGERS, *Approaches to local history*, p. 4.
24. STANDING CONFERENCE FOR LOCAL HISTORY, *op. cit.*, pp. 3 en 47.
25. FINBERG en SKIPP, *op. cit.*, p. 13; SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis* . . ., p. 8.
26. SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis* . . ., pp. 8-9 en 16; FINBERG en SKIPP, *op. cit.*, p. 94.
27. W.G. HOSKINS, *Fieldwork in local history* (Londen, 1967), p. 171.
28. E. LE ROY LADURIE, *The territory of the historian* (Sussex, 1979), p. 117; ook ROGERS, *Approaches to local history*, p. 2.

as 'n wese van vlees en bloed en nie slegs as 'n pion op die nasionale skaakk bord nie.²⁹

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat streekgeskiedenis 'n selfstandige studieveld is ofskoon dit in 'n besondere verhouding tot die nasionale en algemene geskiedenis staan; dit het 'n onmiddellik plaaslike funksie en is meer beskeie as die provinsiale en nasionale geskiedenis dog omvangryker as die familiegeskiedenis of biografie.³⁰ Omdat streekhistoriese navorsing konsentreer op die kleiner gemeenskap en die lewe van die gewone burger in 'n bepaalde gebied, is die benaderingshoek anders as dié van die nasionale geskiedenis. Laastenoemde is eintlik geskiedenis vanuit die "boonste strukture", streekgeskiedenis weer is geskiedenis op die "onderste vlak"³¹

In die beoefening van streekgeskiedenis word die tradisionele historiese proses dus omgedraai; in plaas daarvan om die verlede van bo af te rekonstrueer met die handelinge van die sentrale owerheid, die staat en nasionale of politieke figure in die brandpunt, bestudeer streekgeskiedenis die verlede uit die plaaslike hoek; dit stel belang in die kleiner gemeenskap, die alledaagse "gesiglose" mens en sy bedrywighede in die eie omgewing.³² Aldus kan streekgeskiedenis tereg beskou word as die onderbou van en vertrekpunt vir die nasionale geskiedenis;³³ want 'n studie van die mikrokosmos en die rol van die gewone mens daarin is nodig om die breë historiese ontwikkeling na behore te begryp.³⁴

Streekhistoriese navorsing is dus wyd geskakeerd, veelkantig, kaleidoskopies en kompleks juis omdat die doelwit 'n omvattende of integrale geskiedenis is. Alle fasette van die mens se lewe word ondersoek en daarom val die klem nie slegs op politieke geskiedenis nie maar veral ook op die sosiale en ekonomiese.³⁵

29. FINBERG en SKIPP, *op. cit.*, p. 13.

30. ROGERS, *Approaches to local history*, p. 1; OBERHOLSTER, *Verslag...*, p. 29; SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis...*, p. 9.

31. OBERHOLSTER, *Streekgeskiedenis en die historikus*, p. 31.

32. *Contree* 1, Januarie 1977, p. 3: Redaksioneel (dr. C.M. Bakkes).

33. RGN, *Nuusbrief* no. 71, September 1975: "Streekhistoriese navorsing in Suid-Afrika"; W.J. ALBERTS en A.G. VAN DER STEUR, *Handleiding voor de beoefening van lokale en regionale geschiedenis* (Bussum, 1968), p. 9; OBERHOLSTER, *Streekgeskiedenis en die historikus*, p. 31; FINBERG en SKIPP, *op. cit.*, p. 44.

34. STANDING CONFERENCE FOR LOCAL HISTORY, *op. cit.*, p. 5; RGN, *Nuusbrief* no. 71...

35. SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis...*, pp. 9 en 17; OBERHOLSTER, *Streekgeskiedenis en die historikus*, p. 31; RGN, *Nuusbrief* no. 71...

In navolging van die ideale van die Franse Annalesskool en die New History-skool in die VSA word die mens in streekhistoriese navorsing as sosiale én ekonomiese wese in sy omgewing bestudeer en word alle aspekte van sy menswees histories ontleed. Die soeklig in streekstudies val ook op die vorm en struktuur van die gemeenskap, sy groei en verval, die fisiese verspreiding, lewensbehoeftes en leefwyse van sy lede in woonhuise, gehuggies, dorpe, stede, distrikte en streke.³⁶ Uit hoofde van hierdie metodiek en benadering kan streekgeskiedenis met reg die omvattendste van al die takdissiplines van die geskiedwetenskap genoem word.³⁷

Die SAPGN en streekhistoriese navorsing in die praktyk: raakpunte en verbande

Om uitvoering te gee aan die doelstellings van die SAPGN en om die werkwyse wat daarin uiteengesit word ten uitvoer te bring, is tien breë navorsingsterreine of voorlopige probleemgebiede in 1980 geïdentifiseer. Aan die hand van 'n werksdokument wat hieruit voortgevloeи het, het senior personeel van die RGN daarna onderhoude gevoer met 'n groep van 20 toonaangewende persone wat alle bevolkingsgroepe in die Suid-Afrikaanse samelewing verteenwoordig. Die doel hiermee was om die lys van probleemgebiede so volledig moontlik te maak en nader te omskryf.³⁸

Nadat hierdie gegewens verwerk is, is die geïdentifiseerde probleemgebiede voorgelê aan 260 leidinggewende persone verteenwoordigend van alle lewensterreine, politieke oortuigings en bevolkingsgroepe in die RSA.³⁹ In volgorde van prioriteit is die vyf hoofprobleemareas wat in daardie stadium geheers het soos volg aangedui: tussengroepverhoudinge, werkkragvraagstukke, optimale onderwysgeleenthede, lewenskwaliteit en ewig in die ekonomie.⁴⁰

36. D.A. VAN DER BANK, *Sosiale geskiedenis, Navorsinge van die Nasionale Museum*, Bloemfontein 4(9), September 1983, pp. 213-215, 219-223 en 226; VAN JAARSVELD, *Moderne geskiedskrywing* . . . , veral pp. 16-38 en 42-58; ALBERTS en VAN DER STEUR, *op. cit.*, pp. 10 en 100.
37. FINBERG en SKIPP, *op. cit.*, pp. 10-11 en 44; SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis* . . . , pp. 8-9 en 17.
38. RGN, *SAPGN*, pp. 11-12; *Navorsingsbulletin: Tydskrif vir die SAPGN* 11(2), 1981, p. 1.
39. Nagenoeg 60 % van hierdie keurgroep wat vraelyste ontvang het, het gereageer; kyk RGN, *Nuusbrief* no. 123, Januarie 1981: "Navorsingsprobleme en -prioriteite vir die tagtigerjare."
40. *Navorsingsbulletin* 11(2), 1981, p. 1; RGN, *Nuusbrief* no. 123 en *Nuusbrief* no. 143: "Navorsingsprioriteite in die geesteswetenskappe." Die res van die probleemgebiede is soos volg aangedui (belangrikste tot mins belangrike): bevolkingsvraagstukke, geestesweerbaarheid, infrastruktuurskepping, internasionale betrekkinge en kultuurbeleid.

Die Navorsingsprioriteitekomitee vir Geesteswetenskaplike Navorsing het daarop aanbevelings gedoen oor watter probleemgebiede in die SAPGN aangepak moet word. Navorsingsprogramme is toe geloods oor die drie probleemareas waaraan die hoogste prioriteitsrangorde toegeken is, naamlik tussengroepverhoudinge, werkkravagvraagstukke en onderwys. Die eerste fase van die *RGN-ondersoek na die Onderwys* (beter bekend as die De Lange-verslag) is in 1981 afgehandel, terwyl die ondersoeke na die ander twee gebiede nog voortduur. Gedurende 1982 is 'n omvattende navorsingsprogram oor sport in Suid-Afrika ook ooreenkomsdig die werkwyse van die SAPGN voltooi (die sogenaamde Scholtz-verslag).⁴¹

Laat ons vervolgens stilstaan by enkele verbande of raakvlakke tussen die inhoud van hierdie nasionale programme en die navorsingsterrein van die streekhistorikus. Vir dié doel sal in hoofsaak gekonsentreer word op aspekte van die twee lopende navorsingsprogramme, te wete die RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge en die RGN-ondersoek na Werkkravagvraagstukke.

In die geval van eersgenoemde program word die navorsingsgebied verdeel in dertien werksterreine, onder meer in die historiese en in die administratiewe aspek. Om tussengroepverhoudinge in historiese perspektief te sien, is temas bepaal soos grenskonflik in die 18de en 19de eeu asook die stryd om eienaarskap en besit van grond.⁴² Albei hierdie onderwerpe lê op die terrein van streekhistoriese navorsing omdat grensgeskille, grondaansprake, grensvasstelling en besitreg meestal betrekking het op 'n gebied of streek waar gemeenskappe in 'n buitengewone verhouding tot mekaar geplaas is.⁴³ Om hierdie rede onderneem die RGN se Afdeling Streekgeskiedenis⁴⁴ dan ook streekstudies oor verskeie grensgebiede in die RSA.⁴⁵

41. RGN, *Nuusbried*, no. 143; RGN, *Twaalfde jaarverslag 1981*, pp. 2-3 en *Dertiende jaarverslag 1982*, pp. 8-10.

42. *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge* (Pretoria, s.j.), pp. 3-4 en 8.

43. W.R. POWELL, Local history in theory and practice, *Bulletin of the Institute of Historical Research* (London) 31(83), Mei 1958, p. 46; E.L.P. STALS, Die bydrae van historici tot die studie van verhoudingsvraagstukke, *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 21(4), Oktober 1970, p. 130, en *Die verhouding tussen Blanke en Nie-Blanke in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing* (Publikasiereeks van die RAU, A64) (Johannesburg, 1974), pp. 7 en 11.

44. Sedert 1983 bekend as die Afdeling vir Navorsing oor Streek- en Sosio-ekonomiese Geskiedenis.

45. Byvoorbeeld die Oos-Vrystaatse Grensgordel (en die sogenaamde Verowerde Gebied), Noord-Kaapland, Zoeloeland en die Noordwes-Transvaalse Bosveld.

'n Onderdeel van die administratiewe aspek van tussengroepverhoudinge is die rol en betekenis van plaaslike owerhede en betrekkinge tussen amptenare en lede van al die bevolkingsgroepe wat by die derdevlak-regering betrokke is.⁴⁶ Plaaslike bestuur en administrasie maak vanselfsprekend 'n belangrike deel uit van die geskiedenis van dorpe, plattelandse gemeenskappe en stede,⁴⁷ soos ook blyk uit feitlik alle projekte van die Afdeling Streekgeschiedenis. Die jongste voorbeeld hiervan is die ondersoek na die plaaslike bestuursfunksies buite munisipale gebiede in al vier die provinsies.

Met die RGN-ondersoek na Werkkragvraagstukke word onder meer beoog om 'n beter begrip te vorm van die werking van die arbeidsmarkte in die RSA sodat nasionale doelwitte ten opsigte van ekonomiese groei, arbeidsvrede en streekontwikkeling doeltreffender nagestreef kan word.⁴⁸ Navorsingsterreine sluit in werkkragsbeskikbaarheid, werkgeleentheid, arbeidsverhoudinge tussen Suid-Afrika en sy buurstate, trekarbeid en die arbeidsvraag en -aanbod.⁴⁹ Om die sosio-ekonomiese ontwikkeling van 'n dorp, stad of streek noukeurig te kan uitbeeld, moet ook ag geslaan word op die arbeidsituasie en betrekkinge tussen werkgewer en werknemer in die betrokke geweste.⁵⁰ In projekte van die Afdeling Streekgeschiedenis word huis deurlopend op aspekte soos hierdie gelet.⁵¹

Gedurende 1982 is 'n tweede vraelysopname oor navorsingsprioriteite in die geesteswetenskappe gedoen; dit het basies op dieselfde wyse as die 1980-opname geskied, dog sowel die teikengroep as die reaksie was groter. Die bykans 350 persone wat gereageer het, het die probleembiede soos volg in prioriteitsvolgorde gerangskik: ekonomiese ontwikkeling; mobiliteit van die bevolking; bevolkingsaanwas; bestaansekerheid; betrekkinge met state in Suider-Afrika; internasionale betrek-

46. *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge*, pp. 11-12.

47. ROGERS, *Approaches to local history*, p. 152; POWELL, *op. cit.*, p. 46.

48. *RGN-ondersoek na Werkkragvraagstukke* (Pretoria, s.j.), p. 1; RGN, *Dertiende jaarverslag 1982*, p. 10.

49. *RGN-ondersoek na Werkkragvraagstukke*, pp. 3-4; RGN, *Veertiende jaarverslag 1983*, p. 9. Kyk ook RGN, *Nuusbrief* no. 146: "Arbeidsverhoudinge."

50. Rogers, *Approaches to local history*, pp. 78 en 82.

51. Byvoorbeeld C.C. ELOFF, *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n Streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning* (Pretoria, 1980), pp. 153-157, en die geskiedenis van die Drakensteinvallei, die Noordoos-Vrystaat en van Noord-Kaapland wat tans onderneem word.

kinge; Suid-Afrika se militêre situasie; staatsadministrasie; bestaansverryking, en veroudering van die bevolking.⁵²

Op aanbeveling van die Navorsingsprioriteitekomitee is toe besluit om die drie belangrikste probleemgebiede, naamlik ekonomiese ontwikkeling, mobiliteit van die bevolking en bevolksaanwas, te konsolideer; 'n uitvoerbaarheidstudie sou gedoen word om vas te stel of dit in die 1985/86-boekjaar as nasionale program aangepak moet word. Verder is besluit om prioriteitsprobleme ten opsigte van die ander sewe prioriteitsgebiede te publiseer sodat navorsers dit na goeddunke kan ondersoek.⁵³

Wanneer die hoofprobleemareas van die 1982-opname ontleed word, tree die wye spektrum van navorsingstemas op die voorgrond. Terselfdertyd is dit opvallend watter duidelike verwantskap daar bestaan tussen hierdie prioriteitsgebiede van die SAPGN en die terrein van streekhistoriese navorsing. Ek sal met enkele voorbeeld volstaan.

Onder ekonomiese ontwikkeling, die nasionale probleemgebied wat as die vernaamste gereken word, is aspekte soos minerale en energiesituasie en -beleid gegroepeer. In die streekstudie oor Noord-Kaapland deur die Afdeling Streekgeskiedenis word byvoorbeeld besondere aandag aan hierdie sake gegee vanweë die sterk mynboukarakter van dié kontrei. Landbou met al sy fasette maak uiteraard ook deel van ekonomiese ontwikkeling uit. Insgelyks is die landbouverlede of agrariese geskiedenis vir die streekhistorikus 'n uiters belangrike studieonderwerp.⁵⁴

Die tweede en derde prioriteitsgebiede van die SAPGN, onderskeidelik mobiliteit van die Suid-Afrikaanse bevolking en bevolksaanwas, handel uitsluitlik oor verskynsels soos ontvolking van die platteland en verstedeliking. Die herverspreiding van die bevolking en ander demografiese tendense daarby inbegrepe,⁵⁵ wek eweneens die belang-

52. E.P. WHITTLE, Research priorities in the human sciences: results of the 1982 survey, *Navorsingsbulletin* 13(4), 1983, pp. 2-5; kyk ook RGN, *Nuusbrief* no. 143, en *Navorsingsbulletin* 12(8), 1982, pp. 2-3.

53. RGN, *Veertiende jaarverslag* 1983, p. 7; RGN, *Nuusbrief* no. 145: "Ontmoet die RGN."

54. WHITTLE, *op. cit.*, pp. 7-8; J. CUMMING, *A guide for the writing of local history* (Michigan, 1976), p. 30; ROGERS, *Approaches to local history*, pp. 78-79; ALBERTS en VAN DER STEUR, *op. cit.*, p. 100; LADURIE, *op. cit.*, pp. 7 en 21; C.C. ELOFF, Agrariese geskiedenis en streekhistoriese navorsing, *Contree* 14, Julie 1983, pp. 25-31.

55. WHITTLE, *op. cit.*, p. 6.

stelling van diegene wat hulle op plaaslike en streekgeskiedenis toelê.⁵⁶

Sommige aspekte van die ander probleemgebiede wat met die opname van 1982 vasgestel is, staan ook in noue verband met die studierrein van streekhistoriese navorsing. Hier word onder andere gedink aan gesondheids- en welsynsdienste en die bekamping van misdaad wat onder die probleemarea *bestaansekerheid* ressorteer, asook aan kultuurbevordering, vryetydsbesteding en godsdiestige ontwikkeling wat onder *bestaansverryking* tuisgebring word.⁵⁷ Al hierdie temas word in studies oor plaaslike en streekgeskiedenis behandel.⁵⁸

Uit my betoog tot dusver blyk dit dat streekhistoriese navorsing 'n wye veld bestryk. Op die keper beskou, is streekgeskiedenis dus eintlik geskiedenis in sy mees omvattende betekenis, dit wil sê nie die wetenskap wat bloot in die verlede belangstel nie maar in die menslike samelewing in sy ryke verskeidenheid aktiwiteite.⁵⁹ Enersyds voer streekgeskiedenis die navorsing terug na dít wat sy eie is en wortel hom dieper in die eie bodem; maar andersyds bring dit hom ook in aanraking met die streve en lotgevalle van diegene wat nie tot dieselfde volksgroep as hy behoort of noodwendig sý kultuurerfenis deel nie. Juis om hierdie rede behoort die streekhistorikus 'n beduidende rol in navorsingsprogramme van die SAPGN te kan speel.

Slotopmerkings

In die dinamiese wetenskapswêreld van ons tyd is spanwerk, samenwerking en groepsprojekte ongetwyfeld sleutels tot 'n suksesvolle navorsingspraktyk. Dit is begrypplik indien die enorme omvang van die kenniswêreld en van nasionale probleemgebiede in aanmerking geneem word.

56. ROGERS, *Approaches to local history*, pp. 10-11, 14 en 30; D. FRASER, The urban history masquerade: recent trends in the study of English urban development, *The Historical Journal* 27(1), Maart 1984 (resensie), p. 255; VAN JAARSVELD, *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld* . . ., pp. 32 en 76-77; LADURIE, *op. cit.*, p. 233; kyk ook C.C. ELOFF en DE W. SCHUTTE (reds.), *Ontvolking van die RSA se grensgebiede* (RGN-verslag K12) (Pretoria, 1982), veral pp. 8-31, en I.J. VAN DER MERWE, Die klein dorp in verval, *Contree* 12, Julie 1982, pp. 15-22.

57. WHITTLE, *op. cit.*, p. 8.

58. POWELL, *op. cit.*, p. 46; IREDALE, *op. cit.*, p. 17; ROGERS, *Approaches to local history*, pp. 127-128 en 171.

59. M.-A. ARNOULD, *et al.*, *De plaatselijke geschiedsbeschrijving: leidraad voor de auteurs* (Pro Civitate, 1969), p. 9; SCHOLTZ, *Streekgeskiedenis* . . ., p. 8; ook IREDALE, *op. cit.*, p. 2.

As enkeling beskik die navorser eenvoudig net nie oor genoeg parate kennis om alle aspekte van 'n onderwerp te deurgrond nie. Om 'n betekenisvolle bydrae op die navorsingsterrein te kan maak, moet hy derhalwe tot 'n navorsingsvennootskap toetree. Samewerking tussen navorsingsinstansies (soos die RGN) en universiteite behoort veral in ruimer mate plaas te vind. As vennoot in hierdie wetenskapsgemeenskap⁶⁰ kan die navorser dan op grond van sy gespesialiseerde kennis of spesifieke kundighede met ander spesialiste saamspan om 'n gebalanseerde en uitvoerige navorsingsproduk te lewer. Die benadering van so 'n navorsingsaksie is dus **interdissiplinêr** en selfs **multidissiplinêr** — 'n uitgangspunt wat ook by die uitvoering van die SAPGN én by die beoefening van streekhistoriese navorsing geld.⁶¹

Suid-Afrikaanse streekhistorici sal hulle egter in toenemende mate diensbaar moet maak deur ook navorsingsvennote in programme van die SAPGN te word — hulle is dit immers verskuldig aan hul spesialiteitsgebied wat verruimend en bevrugtend op feitlik al die breë ondersoke kan inwerk. Per slot van rekening streef die streekhistorikus tog dieselfde doelstellings na as dié van die SAPGN, naamlik om deur eerlike en objektiewe navorsing mee te werk aan die oplossing van die talle ingewikkelde probleme van ons land en om die lewenspeil van elkeen in Suid-Afrika te help verbeter.

60. *Fokus op die RGN* 4(1), Januarie 1984, p. 2: Redaksioneel (dr. J.G. Garbers) en 4(6), Junie 1984, p. 2: Redaksioneel (dr. M.J. Bekker).
61. FINBERG en SKIPP, *op. cit.*, p. 96; ROGERS, *Group projects in local history*, pp. 11-12 en 20; LADURIE, *op. cit.*, p. 291; RGN, *Nuusbrief* no. 71. Vergelyk ook die lopende en afgehandelde ondersoke in verband met die nasionale probleemgebiede soos tussengroepverhoudinge, werkkragvraagstukke, onderwys en sport.

1

100

1000000000000000

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

President
Adjunk-presidente
Vise-presidente
Hoofdirekteur: Administrasie
Skakelhoof

Dr. J.G. Garbers
Dr. P. Smit, Dr. J.D. Venter
Dr. H.C. Marais, Prof. D.J. Stoker
J.G.G. Gräbe
Dr. M.J. Bekker

President
Deputy Presidents
Vice-Presidents
Chief Director: Administration
Chief PRO

Funksies van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder, ondersteun en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, bepaal navorsingsprioriteite, versprei die resultate van geesteswetenskaplike navorsing, bevorder en evaluateer die implementering van die resultate van navorsing, stimuleer die opleiding van navorsers, stel die volle spektrum van dissiplines in die geesteswetenskappe ten diens van die inwoners van die RSA en bevorder die wetenskap in die breet.

Institute

Instituut vir Geskiedenisnavorsing (IGN)
Instituut vir Kommunikasiensnavorsing (IKOMM)
Instituut vir Mannekragnavorsing (IMAN)
Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO)
Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (ION)
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN)
Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN)
Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM)
Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN)
Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing (INTAK)
Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND)
Administrasie

Hoofkantoor

Privaatsak X41, Pretoria 0001
Republiek van Suid-Afrika
Telegrome RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Teleks 3-0893

NIPN

Posbus 32410, Braamfontein 2017
Republiek van Suid-Afrika
Telegrome NAVORSPERS
Tel. (011) 33-94451
Teleks 4-25459

Streekantore

Wes-Kaap, Privaatsak 40, Parow 7500
Tel. (021) 92-1026
Natal, Posbus 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926
NIPN Natal, Posbus 17001, Congella 4013
Tel. (031) 25-5531
NIPN Oos-Kaap, Posbus 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131

Functions of the HSRC

The HSRC undertakes, promotes, supports and co-ordinates research in the field of the human sciences. It also determines research priorities, disseminates the findings of human sciences research, promotes and evaluates the implementation of research findings, stimulates the training of researchers, places the full spectrum of human sciences disciplines at the service of the inhabitants of the RSA and promotes science in general.

Institutes

Institute for Communication Research (ICOMM)
Institute for Educational Research (IER)
Institute for Historical Research (IHR)
Institute for Manpower Research (IMAN)
National Institute for Personnel Research (NIPR)
Institute for Psychological and Edumetric Research (IPER)
Institute for Research Development (IRD)
Institute for Research into Language and the Arts (IRLA)
Institute for Sociological and Demographic Research (ISODEM)
Institute for Statistical Research (ISR)
Bureau for Research Support Services (BRSS)
Administration

Head office

Private Bag X41, Pretoria 0001
Republic of South Africa
Telegrams RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Telex 3-0893

NIPR

P.O. Box 32410 Braamfontein 2017
Republic of South Africa
Telegrams NAVORSPERS
Tel. (011) 33-94451
Telex 4-25459

Regional offices

Western Cape, Private Bag, 40, Parow 7500
Tel. (021) 92-1026
Natal, P.O. Box 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926
NIPR Natal, P.O. Box 17001, Congella 4013
Tel. (031) 25-5531
NIPR Eastern Cape, P.O. Box 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131

ISBN 0 7969 0160 0